# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 14 – 24 MEI 2026

# KRAG VAN BO
*10 Dae van gebed vir Herlewing in die Kerk*

*"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."*
(Handelinge 1:8)

Die belofte van die Vader, die Heilige Gees, wat met Pinkster uitgestort is soos opgeteken in die boek Handelinge, is vandag nog kragtig aan die werk in die Kerk. Die Gees van God gaan voort om gelowiges te versterk, ons kennis van God te verdiep en die Here Jesus Christus te verheerlik terwyl Hy Sy Koninkryk in ons gemeenskappe en daarbuite uitbrei.

Net voor Pinkstersondag in 1861 het die Strooidakkerk tien dae van gebed gehou, soortgelyk aan die Vroeë Kerk in Jerusalem. Op Pinkstermiddag, tydens ds. Van der Lingen se gebed, het 'n kragtige manifestasie van God se teenwoordigheid 'n herlewing oor die Suid- en Wes-Kaap in Suid-Afrika, laat uitbreek. Die gebruik van tien dae van gebed het wyd versprei. Vandag bly hierdie dae 'n seën, wat gelowiges oproep tot hernude gebed, herlewing en 'n vars ontmoetings met die Heilige Gees.

Sluit by ons aan vir tien dae van gefokusde, Skrif-geleide gebed vir herlewing in die wêreldwye Kerk — en dat die Evangelie die wêreld se mees onbereikte volke en stede sal bereik.

*Hierdie gebedsgids is saamgestel deur Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk in samewerking met International Prayer Connect (IPC).*

---

### *WAT OM TE VERWAG WANNEER ONS ERNSTIG VIR HERLEWING BID*

**5 Manifestasies van herlewing in onlangse tye** (uittreksel van die boek *Revival – We have not seen anything like this* deur Bennie Mostert)

**1. Persoonlike heiligheid en veranderde lewensstyle**
Lewensstyle het verander, nie net vir nuwe gelowiges nie. Mense het begin om heilige lewens te leef.

**2. Herstel van gesinne en Bybelse orde**
Gesinsverhoudings is herstel. Mans het hulle rolle as vaders ernstig opgeneem, en die Bybelse orde in gesinne is herstel.

**3. Versoening oor verdeeldheid heen**
Mense van verskillende rasse is versoen en het begin om saam te aanbid en te bid en mekaar in liefde aan te neem.

**4. Integriteit in besigheid en werk**
Sakelui het onwettige praktyke gestaak en hulle besigheid met eerlikheid en opregtheid bedryf. Werksomstandighede en die kwaliteit van werk het verbeter.

**5. Morele en sosiale transformasie**
Jeugmisdaad en seksuele onsedelikheid het afgeneem, asook drinkery en vloektaal. Geleidelik het tronke leeggeloop, misdadigers is bekeer en ou skulde is terugbetaal.

***OORWEEG DIE VOLGENDE TER VOORBEREIDING VIR DIE 10-DAE 'KRAG VAN BO' INISIATIEF:***

Moedig gemeentelede aan om klein gebedsgroepe saam met vriende te vorm en gereeld bymekaar te kom om ernstig vir herlewing te bid.

- Nooi predikante om 'n **'Verenigde Gebedsdiens'** op Pinkstersondag te reël, wat die breër gemeenskap in gebed saambring.
- Reël 'n **'Verenigde Gebedsontbyt'** op die laaste Saterdag voor Pinkstersondag, met die fokus op onderrig en om getuienisse oor herlewing te deel.

---

## DONDERDAG 14 MEI 2026

**VERVULLING EN BEKRAGTIGING**
*Almal is met die Heilige Gees vervul...* (Handelinge 2:4).

**Bybellees:** Handelinge 2:1-4

Met Pinkster het die dissipels gehoorsaam gewag in gebed. Op God se vasgestelde tyd het Hy Sy Gees uitgestort. Ons moet getrou wag en Hom vertrou eerder as om resultate te probeer forseer.

**Kom ons bid**

- Vra die Heilige Gees om jou en die gelowiges in jou plaaslike gemeente te vul en te versterk vir die bediening van die Evangelie deur Sy krag.
- Vra vir 'n toename in gebedsbyeenkomste en vir 'n geestelike ontwaking in jou gemeenskap.

**Getuienis**
"Vanaand, toe ek hierdie gebou binnegestap het, het ek glad nie die teenwoordigheid van God ervaar nie." Ek het voortgegaan om uit Levitikus 10:3 te lees. Ná die preek het ek gebid: "Here, bevestig U Woord wat vanaand aan hierdie mense verkondig is." Onmiddellik het die teenwoordigheid van die Here daardie ouditorium gevul.
. https://destinycity.org/blog/2024/02/20/wind-from-heaven

**STREEK: NOORD-AFRIKA**
**110 Cities'-Fokus:** Algiers, Kaïro, Tunis, Tripoli, Marrakesj, Rabat, Nouakchott.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Vra God om harte in Noord-Afrika oop te maak vir die waarheid van die Here Jesus en om die gelowiges te versterk om Sy getuies te wees. Bid vir die wydverspreide openbaring van God en vir geestelike ontwaking regoor die streek.

**Feite en Syfers**
Arabiessprekende Algeriërs is ongeveer 33 miljoen; minder as 1% volg Christus.

---

## VRYDAG 15 MEI 2026

**AANHOUDENDE GEBED**

*Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.* (Handelinge 2:42).

**Bybellees:** Handelinge 2:42, 6:4, 8:15, 12:5

Gebed, geïnspireer deur die Heilige Gees, wat God se krag vrygestel en die Evangelie laat uitbrei het, was 'n kenmerk van die Vroeë Kerk. Elke besluit en beproewing is in gebed voor Hom gebring, met danksegging en eerbiedige lof aan God die Vader en Jesus Christus.

**Kom ons bid**

- Vra die Heilige Gees om nuwe gelowiges te trek om God daagliks te soek, 'n begeerte om Sy stem te ken en deur Hom gelei te word.
- Bid vir kerkplanters en sendelinge om in die Here te bly deur gebed en Sy instruksies te gehoorsaam.

**Getuienis**

Geïnspireer deur die onlangse herlewing onder jong volwassenes, het die aanbidders by St. Leonard's tot God uitgeroep vir herlewing in hulle eie gemeenskap, en herhaaldelik Psalm 24 opgesê. 'n Dieper honger en 'n passie vir gebed het ontstaan, wat gelei het tot die vestiging van 'n Huis van Gebed vir God se werk. Die gebedsherlewing by St. Leonard's (ook bekend as Shoreditch Church) floreer steeds en beïnvloed ongelowiges en gelowiges.
https://jwipn.com/prayer-as-powerful-outreach-tool/

**STREEK: WES-AFRIKA (SAHEL & KUSGEBIEDE)**

**'110 Cities'-Fokus**: Dakar, Bamako, Conakry, Ouagadougou, Niamey, N'Djamena, Lagos, Ibadan.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid vir die stede van Wes-Afrika en vra God om gelowiges te versterk. Bid vir vrede in konflikgebiede. Vra God om wyse, moedige leiers van integriteit op te rig.

**Feite en Syfers**

Die Wolof van Senegal is minder as 0,01% Christene.

---

## SATERDAG 16 MEI 2026

**GEESGELEIDE PREDIKING**

*By die aanhoor hiervan is die mense diep getref…* (Handelinge 2:37).

Wanneer die Woord van God onder leiding van die Heilige Gees verkondig word, bring dit oortuiging en redding. Welsprekendheid kan kortliks inspireer, maar slegs die Woord wat deur die Gees bemagtig is, verander harte.

**Bybellees:** Handelinge 2:37-41

**Kom ons bid**

- Tree in vir die bedienaars wat in jou gemeente gaan preek. Vra die Here om hulle Geesvervulde vrymoedigheid, duidelikheid en getrouheid aan Sy Woord te gee.
- Bid vir ontvanklike harte wat oop is vir die oortuiging van die Heilige Gees en vir volkome, onmiddellike bekering en gehoorsaamheid om die Here Jesus Christus te volg.

- Bid vir oop deure om die Evangelie te verkondig, bv. 'n buurman se huis, openbare plekke, ens.

**Getuienis**
Tydens die prediking van 'n Griekse priester het 'n Irannese man die woorde in Farsi, sy moedertaal, gehoor. Ná die diens kon hy egter nie sy vrae oor die geloof aan die priester stel nie, omdat hy hom nie meer verstaan het nie.
https://jwipn.com/he-preached-in-greek-i-heard-farsi/

**STREEK: OOS-AFRIKA & HORING VAN AFRIKA**
**'110 Cities'-Fokus :** Addis Abeba, Khartoem, Djiboeti, Mogadisjoe, Dar es Salaam, Mombasa.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid vir God se vrede en herstel oor die Horing van Afrika en Oos-Afrika, waar hierdie toegangsstede hele streke beïnvloed deur handel, migrasie en kultuur. Vra die Here om gelowiges te versterk en te beskerm, genesing te bring waar daar konflik en onstabiliteit was. Bid dat die Kerk in hierdie stede sal groei en dat die Evangelie na omliggende nasies sal versprei.
**Feite en Syfers**
Somalië is 99,9% Moslem met byna geen bekende kerke nie.

---

## SONDAG 17 MEI 2026
**BONATUURLIKE KRAG VAN GOD**
*(Petrus) vat toe die man se regterhand en help hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.* (Handelinge 3:7).

Die krag en gesag wat deur gelowiges geopenbaar word, is nie van menslike oorsprong nie, maar die werk van die Heilige Gees. Die Heilige Gees demonstreer en bevestig God se wil en krag deur tekens en wonders.

**Bybellees:** Handelinge 3:6-8, 5:12a

**Kom ons bid**
- Bid dat gelowiges in jou plaaslike gemeente en gemeenskap in geloof sal stap onder leiding van die Heilige Gees.
- Vra die Here Jesus Christus vir goddelike genesings en verlossing van pynigende geeste in hospitale en instellings wat tot verheerliking van Sy naam sal lei.
- Bid dat die wonders wat gesien word, sal lei tot die redding van ongelowiges.
- Bid vir bedieningspanne om Gees-geïnspireerde strategieë en uitreike te onderneem om lewens aan te raak.

**Getuienis**
Gevangenisstraf. Goddelike genesings. Imams wat Jesus as Verlosser aanneem. Bevryding van demoniese onderdrukking. Al hierdie werke van die Heilige Gees was sigbaar in die lewe van Kris, 'n YWAM-werker uit Soedan.
https://jwipn.com/healing-and-hope/

**STREEK: MIDDE-OOSTE**
**'110 Cities'-Fokus:** Jerusalem, Amman, Beiroet, Doebai, Muskat, Riaad, Mekka, Medina.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid dat Jesus Christus, die Vredevors, geopenbaar sal word regoor hierdie stede in die Midde-Ooste. Vra dat God 'n geestelike honger in oop harte sal

wek. Bid dat die lewens van moedige gelowiges die Here se genade sal weerspieël teenoor gesinne, leiers en pelgrims regdeur die streek.

**Feite en syfers**
Saoedi-Najdi-Arabiërs: 8 miljoen mense met minder as 0,1% Christene.

---

## MAANDAG 18 MEI 2026

**EVANGELISASIE TE MIDDE VAN VERVOLGING**
*En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig.* (Handelinge: 4:30).

Die Kerk is afhanklik van die bemagtiging van die Heilige Gees om God se Koninkryk uit te brei, selfs in die aangesig van vervolging. In moderne kerkgeskiedenis is opgemerk dat vervolging kerkgroei kan aanwakker.

**Bybellees:** Handelinge 4:1-31

**Kom ons bid**
- Bid ernstig vir die ondergrondse kerk; vir vrymoedigheid om die Evangelie te verkondig en vir God se ingryping om die werk van die Koninkryk in vyandige omgewings te kan doen.
- Vra God om Sy hand uit te steek en daagliks die bonatuurlike in hulle midde te doen deur genesings, tekens en wonders.
- Bid vir strategieë om die ondergrondse kerk te dissipelleer en op te lei.

**Getuienis**
In 'n brief aan sy vrou het 'n Eritrese predikant in gevangenisskap geskryf hoe God hom 'n gevangene gemaak het van Sy onbeskryflike liefde en genade.
https://jwipn.com/suffering-and-spiritual-strength/

**STREEK: MIDDE-OOSTE**
**'110 Cities'-Fokus:** Bagdad, Basra, Mosul, Damaskus / Homs, Sana'a, Kaboel, Istanboel.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid vir God se barmhartigheid en herstel in hierdie stede wat konflik, omwenteling en diepe lyding beleef het. Vra die Here om genesing te bring aan gewonde gemeenskappe. Bid dat die verspreiding van die Evangelie hierdie stede plekke van vernuwing sal maak en 'n getuienis van God se verlossende liefde sal wees.

**Feite en syfers**
Irak se Christene het van 1,5 miljoen in 2003 tot 150 000 vandag afgeneem.

---

## DINSDAG 19 MEI 2026

**HEILIGHEID EN SUIWERHEID**
*Die hele gemeente en al die ander mense wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.* (Handelinge 5:11).

Die Heilige Gees gee onderskeidingsvermoë aan die herders van die kerk. Wanneer hulle in integriteit wandel, inspireer hulle heiligheid in ander. Om skynheiligheid en die vrees vir die mens te konfronteer versterk die Bruid van Christus in suiwerheid.

**Bybellees:** Handelinge 5:1-11

**Kom ons bid**

- Bid dat geestelike leiers en gemeentelede in heiligheid sal wandel.
- Vra vir diep, opregte bekering van sonde en herstel in die Kerk. Bid dat God se mense, met behulp van mentorskap binne die Kerk, in integriteit, eerlikheid en aanspreeklikheid sal wandel.
- Bid ook dat die persoonlike strewe na heiligheid gepaard sal gaan met gebed en vas.

**Getuienis**

Een van die mees treffende getuienisse van die transformerende krag van heiligheid word gevind in die lewe van George Müller (1805–1898), 'n Christenevangelis en weeshuisbestuurder in Engeland. Ná sy bekering het Müller homself toegewy aan 'n lewe van gehoorsaamheid, gebed en morele reinheid. Hy het geglo dat God Sy mense nie net roep tot geloof nie, maar tot 'n lewe wat die karakter van die Here Jesus Christus weerspieël.
https://www.wholesomewords.org/biography/bmuller.html

**STREEK: IRAN & PERSIESE WÊRELD**
**'110 Cities'-Fokus:** Teheran, Mashhad, Isfahan, Shiraz, Tabriz, Qom, Ahvaz,; Karaj; Kermanshah.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid dat die mense van Iran sal honger en dors na die Here se geregtigheid en deur Hom versadig sal word. Bid dat klein gemeenskappe van gelowiges geestelik sal groei en hulle buurte met die lig van Christus sal beïnvloed.

**Feite en syfers**

Iran se Kerk het in 20 jaar meer gegroei as in die voorafgaande 13 eeue.

---

## WOENSDAG 20 MEI 2026

**LEIDING IN SENDING**

*Toe sê die Gees vir Filippus: "Gaan loop saam met daardie wa."* (Handelinge 8:29).

Die Heilige Gees lei ons getrou, en Hy lei met duidelikheid en waarheid wat volkome ooreenstem met die Woord van God. Terwyl ons Sy leiding volg, word ons gewillige deelnemers aan die uitbreiding van God se Koninkryk.

**Bybellees:** Handelinge 8:29, 9:17-20, 16:6-7

**Kom ons bid**

- Tree in vir gelowiges in jou gemeenskap om die Heilige Gees te onderskei en te gehoorsaam, rakende hul lewensbesluite en die Here se roeping.
- Vra die Here om wysheid en sensitiwiteit aan die leierskap van jou plaaslike gemeente te gee terwyl hulle op die Heilige Gees staatmaak in hulle besluitneming.
- Vra dat Gees-geïnspireerde strategieë blywende vrug vir die Koninkryk sal dra en dat afleidings deur gebed onderskei en oorkom sal word.

**Getuienis**

Terwyl hy vervolgde gelowiges in 'n beperkte Moslem-meerderheidsland bedien het, het 'n Open Doors Bybelsmokkelaar 'n krisis beleef toe 'n belangrike plaaslike kontak hom nie meer kon help nie. Hy het ure lank gebid en die Here gevra om hom te lei, en een naam het herhaaldelik in sy hart opgekom: "Peter." Hy het die risiko geneem en Peter diskreet ontmoet, die volle verhaal van die werk

gedeel en toe gewag terwyl Peter gebid het. Dae later het Peter teruggekom en ingestem om te help, wat 'n nuwe pad oopgemaak het vir Skrif om gelowiges te bereik. Die smokkelaar het getuig dat die Here herhaaldelik Sy wil bevestig het deur presiese leiding, beskerming by grense en "goddelike tydsberekening" wat hindernisse in voorsiening verander het.
https://www.opendoorsus.org/en-US/stories/2025-02-06-stories-from-a-bible-smuggler/

**STREEK: SOUTH ASIA**
**'110 Cities'- Fokus Delhi;** Mumbai; Bangalore; Hyderabad; Kolkata; Ahmadabad; Jaipur; Lucknow; Kanpur; Patna.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid dat God regoor hierdie stede van Indië sal beweeg, waar honderde miljoene mense uit baie tale, kulture en gelowe woon. Vra die Here om harte oop te maak vir die boodskap van verlossing deur Jesus Christus, wat vir die sondes van die wêreld gesterf het.

**Feite en Syfers**
Indië se 60 miljoen Brahmane bly onder die wêreld se minste bereikte mense.

---

## DONDERDAG 21 MEI 2026

**INKLUSIWITEIT EN EENHEID**
*"Hulle het net soos ons in die Here Jesus Christus geglo, en God het aan hulle ook dieselfde gawe as aan ons gegee. Wie was ek dan om God te probeer verhinder?"* (Handelinge 11:17)

**Bybellees:** Handelinge 10:44-46, 11:18

Die Heilige Gees word vryelik gegee aan almal wat hulle geloof in die Here Jesus Christus plaas. Geen menslike grens bepaal wie Hom mag ontvang nie. Tog kan die diepe verdeeldheid in die samelewing baie laat voel dat hulle te onrein of onbelangrik is om voor 'n heilige God te staan. Die Evangelie verklaar die teenoorgestelde: in Christus word almal genooi, aanvaar en waardig gemaak om tot Hom te nader.

**Kom ons bid**
- Prys God vir die verlossing van alle nasies.
- Bid dat kulturele, rasse- en denominasionele hindernisse in jou nasie verbreek sal word in die naam van die Here Jesus Christus.
- Vra vir kruis-kulturele Evangelie-deurbrake: verenigde stadsgebed, ouers wat by skole bid en jongmense wat saam na God soek.

**Getuienis**
Julio C. Ruibal, 'n Boliviaanse evangelis wat toegewy was aan kerkeenheid en evangelisasie in Suid-Amerika, is in Desember 1995 op 42-jarige ouderdom in Cali doodgeskiet. Hy was betrokke by vas en strategiese gebed vir die stad. Sy martelaarskap het die Kerk diep geraak en stadswye gebedswake, pastorale eenheid en gekoördineerde uitreike veroorsaak, wat kerkgroei beïnvloed het en tot 'n beduidende sosiale impak bygedra het.
https://www.youtube.com/watch?v=-MG-XBkCTDY

**STREEK: SUID-ASIË**
**'110 Cities'-Fokus:** Karachi; Islamabad; Peshawar; Quetta; Dhaka; Chittagong; Kathmandu; Srinagar; Amritsar; Prayagraj, Varanasi

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Vra die Here om 'n diep geestelike honger regoor Suid-Asië te wek, Sy waarheid te openbaar aan dié wat Hom opreg soek, en gelowiges te versterk om met moed, nederigheid en liefde te leef. Bid dat die boodskap van Christus deur verhoudings, dade van medelye en getroue getuienis sal versprei.

**Feite en Syfers**
Pakistan is 97% Moslem; die meeste het nog nooit 'n Christen ontmoet nie.

---

## VRYDAG 22 MEI 2026

**ROEPING EN AFSONDERING**
*Toe hulle op 'n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: "Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het."* (Handelinge 13:2).

**Bybellees:** Handelinge 13:2-4

**Kom ons bid**
- Bid dat mense aandagtig luister na die Heilige Gees vir Koninkrykstrategieë en optrede.
- Bid vir geestelike bevestiging deur gebed en vas.
- Bid dat jongmense God se roeping tot bediening en sending sal gehoorsaam.
- Bid dat gelowiges betrokke sal wees by Bybelvertaling sodat elke taal die Skrif kan ontvang.

**Getuienis**
Die Fulani is een van die grootste etniese groepe in Wes-Afrika, met slegs 'n paar gelowiges onder hierdie tradisioneel nomadiese herders. Tambaya Ibrahim, 'n Bodaado Fulani, reis deur Niger om vir die Fulani te preek en nuwe gelowiges te bemoedig, en hy verklaar: "God het my geroep om die Fulani te bereik wat nog nooit die 'habaru beldum' (goeie nuus) gehoor het nie, en dit oorheers al my gedagtes."
https://jwipn.com/courageous-calling/

**STREEK: SUIDOOS-ASIË**
**'110 Cities'-Fokus:** Jakarta; Surabaya; Bandung; Medan; Makassar; Banjarmasin; Bangkok; Hanoi; Ho Chi Minh; Phnom Penh; Yangon.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid dat God regoor Suidoos-Asië sal beweeg deur hierdie vinnig groeiende stede. Vra die Here om baie mense wat na waarheid soek, te trek om Jesus Christus persoonlik te ontmoet en om gelowiges te versterk om met wysheid, deernis en moed te leef. Bid dat die Evangelie sal versprei deur gesinne, universiteite, werkplekke en nuwe generasies, en hoop, vryheid en blywende transformasie regoor die streek sal bring.

**Feite en Syfers**
Indonesië is die tuiste van die wêreld se grootste Moslembevolking: 230 miljoen.

---

## SATERDAG 23 MEI 2026

**VERANDER DEUR DIE HEILIGE GEES**
*"Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word."* (Handelinge 9:17).

Christus sal Sy Kerk bou en geen weerstand kan Sy plan en doel keer nie.

**Bybellees:** Handelinge 9:17 -20

**Kom ons bid**

- Vra die Here om opposisie teen die Kerk vanuit regerings, ekstremistiese bewegings en valse leer te beperk.
- Tree in vir dié wat die Kerk onderdruk, en vra God om hulle te red, te bevry en met die Heilige Gees te vervul vir Sy doel.

**Getuienis**

'n Imam wat sy gewone Vrydagpreek in 'n totale Moslemgebied gelewer het, het by 'n vers in die Koran gekom wat diskriminasie en afsondering van nie-Moslems aanmoedig. Skielik het hy in sy hart oortuig geraak dat die boodskap nie reg kon wees nie. Hy het geworstel met die feit dat hy dit geglo en verkondig het. Hy het later in die geheim met 'n plaaslike gelowige ontmoet — 'n voormalige moskeeganger wat tot geloof gekom het en vervolging verduur het. Ná baie privaat gesprekke het die Imam besluit om Christus te volg.
https://jwipn.com/imam-follows-jesus/

**STREEK: OOS-ASIË & SENTRAAL-ASIË**

**'110 Cities'-Fokus:** Beijing; Guangzhou; Chengdu; Wuhan; Kunming; Nanning; Xining; Hohhot; Almaty; Tasjkent.

**Onbereikte Volke Fokus (in/naby hierdie stede):** Bid dat God regoor hierdie stede van China en Sentraal-Asië sal beweeg, waar antieke kulture en moderne invloede die lewens van miljoene vorm. Vra die Here om geestelike nuuskierigheid te wek en Sy waarheid te openbaar deur die Skrif, drome en getroue getuies. Bid dat gelowiges in wysheid en moed sal wandel en die boodskap van Christus sal versprei deur gesinne, vriendskappe en gemeenskappe regoor die streek.

**Feite en syfers**

China se 11 miljoen Hui-Moslems het byna geen bekende gelowiges nie.

---

## SONDAG 24 MEI 2026

**STORT U GEES UIT OP ALLE MENSE**

*"Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense"...* (Handelinge 2:17).

God se Heilige Gees is beskikbaar vir almal wat in die Here Jesus Christus glo. Hy is nie ver nie en Hy spreek op baie maniere tot die harte van dié wat aan Christus oorgegee is.

**Bybellees:** Handelinge 2:14-41

**Kom ons bid**

- Dank die Here vir die uitstorting van Sy Heilige Gees.
- Vra die Here om die harte van gesinne in jou woonbuurt deur Sy Heilige Gees te wek.
- Bid dat veranderde gesinne, wat in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees wandel, 'n direkte impak sal hê op die herstel van sosiale geregtigheid in jou gemeenskap.

**Getuienis**

Terwyl haar man in 'n arbeidskamp was, het 'n Chinese Christenvrou haar kinders voorberei vir haar moontlike arrestasie en hulle aangemoedig om die Here se voorsiening te vertrou. Al het hulle net vyf katies rys oorgehad, het hulle gekies om vir haar kos in die tronk te stuur, omdat hulle geglo het

dat God kan voorsien. Ná dertig dae het sy teruggekeer en gevind dat hulle rysbak wonderbaarlik oorloop — 'n getuienis van God se oorvloedige genade.
https://jwipn.com/training-children/

**WÊRELD DAG VAN GEBED**
Sluit aan by Christene van regoor die wêreld vir 24 uur van Verenigde Aanbidding en Gebede – vir Herlewing en dat die Evangelie die uithoeke van die aarde bereik!
Meer inligting: https://110cities.com/24hrs-prayer-guide/

---